

Sing vooraf: Psalm 113:1 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 86:5 (p. 433)

- 5 Al die volke in heidenlande – / eie maaksel van u hande – / sal hul neerbuig voor U, HEER,
en u Naam aanbiddend eer. / Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 9-1:6 (26:6)

- 6 Gedenk die sabbat: in ses dae / het God die wêreld toeberei;
maar Hy het, na sy welbehae / die rusdag aan sy diens gewy.

Skriflesing: Nehemia 13

Teks: Nehemia 13:17; Kategismus Sondag 38

En ek het met die edeles van Juda getwis en vir hulle gesê: Watter verkeerde ding is dit wat julle doen, dat julle die sabbatdag onheilig? (Nehemia 13:17 AFR1953)

Dit gaan gewoon oor die vierde gebod. Broeders en susters, ons moet hierdie gebod wat leer dat ons die sabbatdag moet heilig, nader ondersoek, sodat ons ter wille van ons saligheid kan sien wat die inhoud daarvan is. Ons kyk na die volgende twee sake:

- 1. Die inhoud van die vierde gebod**
- 2. Ons opdrag teenoor die sabbat**

1. Die inhoud van die vierde gebod

Die gedeelte wat ons saam gelees het, vertel dat die edeles in Israel die sabbat erg onheilig het.

- Hulle geld het 'n mag geword wat hulle later geforseer het om allerhande onheilige dinge te doen, soos byvoorbeeld om handel te dryf op die sabbat.
 - Om te kon geldmaak, moes hulle op die sabbat die parskuipe trap.
 - Sodra hulle wyn en vrugte reg was, het hulle dit op hulle donkies gelaai en na die stad toe vervoer en daar gaan verkoop.
 - Hulle het ook op die sabbat hulle koring op hulle donkies gelaai en dit na die stad toe vervoer.

In hierdie hoofstuk van die profesie van Nehemia lees ons dat die Here nie sulke dinge ongestraf laat

verbygaan nie.

- Nehemia verwyf die volk dat hulle moet onthou dat die Here al oor hulle stad 'n groot onheil gebring het oor hierdie soort van onverantwoordelikhede op die sabbat.
- Die volk moet net onthou dat die Here nie volgende keer weer dieselfde onheil sal bring nie.
 - Nee! Met hierdie sonde vererger hulle die toorn van die Here.
 - As hulle hulle nie bekeer nie, sal iets ergers hulle hierdie keer tref.

Die vierde gebod bevat twee sake wat die Sabatsviering raak.

- Die eerste gedeelte van die gebod is bindend tot in ewigheid, naamlik: Heilig die sabbat!
 - Die eerste bevel is dat die sabbatdag **onderhou** moet word.
- Die tweede gedeelte is simbolies, naamlik dat die sabbatdag op die sewende dag moet wees.
 - Die tweede bevel is dat die sabbatdag **heilig gehou** moet word.
 - Met ander woorde daar is 'n duidelike voorskrif oor hoe jy die dag moet deurbring.

Ons lees van die simboliek van die dag in Eksodus 31:12, 13:

Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig. (Eksodus 31:12-13 AFR1953)

Hier staan dit baie duidelik dat die dag self jou nie salig of heilig maak nie – dis die Here wat jou heilig maak.

- Al kom jy dus net erediens toe sodat die Here jou in jou gemeenskap met Hom en met jou medegelowiges vir die dag kan sien, is dit al baie werd.

Mens moet natuurlik die sabbatdag altyd in berekening bring met die groot versoendag.

- Dié twee dae en hulle betekenis is verwant aan mekaar. Daar staan in Levitikus 23:32 dat hierdie versoendag 'n sabbatdag is.

'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou. (Levitikus 23:32 AFR1953)

- Die groot versoendag is die dag waarop die volk hulle moet heilig, en hulle offers van versoening aan die Here bring (Levitikus 16:30, 31).
 - Die groot versoendag moet op 'n bepaalde manier gehou word: Dit moet 'n dag van volkome rus en verootmoediging wees.

Ons het natuurlik 'n groter verantwoordelikheid teenoor die sabbatsviering as die ou Jode.

- Die rede daarvoor is dat die Here Jesus reeds die versoening waarvan die groot versoendag simbool was, 'n werklikheid gemaak het.
- Hy het sy liggaam geoffer en die dood ingegaan.
 - Hiermee het Hy die volle straf van God oor ons sondes gedra.
 - Ons leef nou in die genade van God se verlossing deur Jesus Christus.

Daarom moet ons sabbatsviering bestaan in rus van enige sondige werk wat ons doen.

- Ons moet die dag so deurbring dat dit duidelik is met alles wat ons doen dat ons saam met Christus begrawe is, en ook weer saam met Hom opgestaan het.

Toets nou maar self of Sondagsport en Sondaginkopies in lyn lê met die beginsel dat ons daarmee God verheerlik oor sy genade dat ons die ewige lewe by Hom ontvang het.

2. Ons opdrag teenoor die sabbat

Die opdrag oor die sabbatsviering is positief.

- Jy moet rus van alle liggaamlike werk.
- Jy moet die Here dien in vrees en waarheid.

Dit gaan in hierdie gebod onder andere oor kerkbesoek. Gaan lees maar wat staan in Deuteronomium 31:11, 12:

. . . as die hele Israel kom om te verskyn voor die aangesig van die H_{ERE} jou God op die plek wat Hy sal uitkies, moet jy hierdie wet voor die hele Israel, voor hulle ore lees. Laat die volk byeenkom, die manne en die vroue en die kinders en jou vreemdeling wat in jou poorte is, dat hulle kan hoor en dat hulle kan leer om die H_{ERE} julle God te vrees en sorgvuldig al die woorde van hierdie wet te hou. (Deuteronomium 31:11-12 AFR1953)

- Die volk moet saamkom in 'n vergadering met die Here.
- In hierdie samekoms moet die wet aan hulle voorgelees word.
- En die volk moet daarna luister!
- Daar moet gebed word: My huis moet 'n huis van gebed genoem word.
- Daar moet tot eer van die Here psalms gesing word. Dink maar aan Psalm 149:1, 2:

<i>1 Sing tot Gods eer met lof en dank 'n nuwe lied met nuwe klank, o al sy gunsteling!</i>	<i>2 Hul moet sy Naam en roem laat hoor in feesgesang en sangerskoor, met harp en trommelslae!</i>
<i>Laat Isr'el voor sy Maker juig, laat Sion voor sy Koning buig, die HEER van alle dinge!</i>	<i>Die HEER 't sy volk weer guns betoon, sagmoediges met heil gekroon uit vrye welbehae.</i>

Of dink aan Psalm 150 wat vertel van 'n juigend blye skare, en van al wat asem het en leef, wat die Here met hallelle moet loof.

Die Here is baie beslis oor hierdie saak van sabbatsonderhouding. Hy is so ernstig oor hierdie saak dat Hy die doodstraf koppel aan die skending van die sabbat.

Die Kategismus verklaar hierdie gebod so dat die klem val op die eredienste wat elke sabbat gehou moet word.

- Die gemeente moet dus met groot sorg en verantwoordelikheid toesien dat die eredienste in hulle kerk onderhou word.
- Dit geld natuurlik ook die gebruik en bediening van die sakramente.
- Die gelowiges moet die geleentheid skep om op hierdie dag hulleself in hulle godsdienst te skool, en hulle bekwaam te maak in hulle aanbidding.
- *Hulle moet as 't ware op hierdie dag die eerste beginsels van die ewige sabbat begin beleef.*

Ons moet baie ernstig waak dat ons nie die sabbat verkeerd vier nie, want in ons tyd gebeur dit maklik dat gelowiges die Sondag gebruik om van die kerk af weg te bly en dan moontlik deur die sonde oorval te word. Dis vir baie 'n dag om laat te slaap of om te kuier of enige iets te doen – solank hulle net nie kerk toe hoef te gaan nie.

Ons moet net onthou:

- Die manier waarop ons die sabbat deurbring, is in 'n sekere sin 'n barometer waarmee ons kan meet of ons in die hemel (die ewige sabbat) sal wees of nie.
- Ons kan tog nie in die heerlijkheid van God wil gaan woon in die hiernamaals as ons in hierdie lewe daardie God nie geken en op die sabbat aanbid het soos Hy dit eis nie.

Ons moet ernstig luister:

- Elke Sondag roep die Here ons om Hom in die erediens te aanbid.
- Hy wil tydens die erediens met ons gemeenskap beoefen en ons seën.

Laat ons dan saamkom en die Here prys tydens elke geleentheid wat Hy ons gee, want ons kan nie in die hiernamaals eers daarmee wil begin nie.

Watter verkeerde ding is dit wat julle doen dat julle die sabbatdag onheilig?

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 119:19 (p. 591)

19 HEER, U is my deel op aarde, / en u woord is my die skat
wat U aan my toebetrou het / op die lange pelgrimspad.
'k Het voor U my hart geheelik / in my smeking uitgestort.
Maak my dan u guns deelagtig, / laat u woorde waarheid word.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 7 Oktober 2007 (aand)